

Skriflesing: Johannes 2:1-11

Teks: **Johannes 2:11**

Sing- Ps. 118:1,11; Ps. 139:6,12; Ps. 118:4; Ps. 105:15

Joh 2:1 En op die derde dag was daar 'n bruilof te Kana in Galiléa, en die moeder van Jesus was daar.

Joh 2:2 En Jesus en sy dissipels was ook na die bruilof genooi.

Joh 2:3 En toe daar wyn kortkom, sê die moeder van Jesus vir Hom: Hulle het geen wyn nie.

Joh 2:4 Jesus sê vir haar: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie.

Joh 2:5 Sy moeder sê vir die dienaars: Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen.

Joh 2:6 En daar het volgens die reinigingsgebruike van die Jode ses klipkanne gestaan, wat elkeen twee of drie ankers hou.

Joh 2:7 Jesus sê vir hulle: Maak die kanne vol water. En hulle het hul tot bo toe volgemaak.

Joh 2:8 En Hy sê aan hulle: Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar. En hulle het dit gebring.

Joh 2:9 En toe die hoofdienaar die water proe wat wyn geword het—en hy het nie geweet waarvandaan dit was nie, maar die dienaars wat die water geskep het, het geweet—roep die hoofdienaar die bruidegom

Joh 2:10 en sê vir hom: Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar.

Joh 2:11 Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galiléa gedoen; en Hy het sy heerlijkheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo.

Skriflesing: Johannes 2:1-11

Teks: **Johannes 2:11**

Sing- Ps. 118:1,11; Ps. 139:6,12; Ps. 118:4; Ps. 105:15

Hierdie wonder wat ons hier van lees, broeder en suster, gaan om baie meer as wat ons mag dink. Jesus doen wonders, maar u moet besef as ons van die wonders lees wat die Here gedoen het, dan was daar elke keer 'n baie diepere teken in die wonders opgesluit. Aan die einde van Johannes 1 dan sê die Here vir Natanael- *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopen sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens.* Direk hierna gebeur hierdie wonder op die bruilof in Kana. Die dinge wat God laat gebeur, die hemele wat oop is, dit wat gesien kan word, engele wat opklim en weer afklim, dit alles op die Seun van die mens, ja hierdie éérste wonder in die Johannes-evangelie was al teken van Jesus wat sy hemelse heerlijkheid bekendmaak. Dit wat die Here vir Natanael sê, dit begin dadelik te gebeur.

Elke wonder wat die Here doen, waarvan Joh. 2-12 talle wonders bevat maak elke keer die Here in sy heerlijkheid bekend. Die heerlijkheid van die Here word geopenbaar deur tekens wat Jesus sou doen. Ná vandag moet ons dit vir mekaar kan saamgee dat ons die Here kragtige wonders sien doen as teken van die heerlijkheid waarmee Hy gedien wil wees. Dit kan ons as tema inlei. Kom ons hierdie tema dan soos volg indeel: 1. Hierdie eerste wonder is tegelyk die eerste teken van baie wonders wat die Here sou doen. 2. In die tweede plek,

almal kan die wonder sien, maar nie almal kan dit verstaan nie. 3. In die laaste plek, watter uitwerking het hierdie wonders en tekens op jou en my.

Die eerste wonder wat as eerste teken baie wonders sou inlei:

Jesus doen sy eerste wonder, waar die vrug van die druivestok as wyn gedrink kan word. Daar was te min wyn. Skielik toe was daar baie wyn en dit was goeie wyn. Blaai ons baie meer na die einde van Jesus se werke op aarde, Joh.15, dan besef ons Kana en die bruilof en die wyn, wat aan die begin van Jesus se bediening plaasvind en Joh. 15 aan die einde van Jesus se bediening op aarde, staan nie los vanmekaar nie. As Jesus sê ... *Ek is die ware wynstok*, dan was Hy dit alreeds in Johannes 2. Jesus doen die goeie van die begin af. Die ware wynstok bring ware wyn. Die ware wyn is Jesus Self. Alleen in Jesus kan die ware wyn gevind word. Joh. 15:4-5 maak dit duidelik- *4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. 5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*

Wanneer ons terugkyk dan besef ons, Jesus se eerste wonderwerk in Johannes wil alreeds dieselfde sê as wat uiteindelik in Joh. 15 staan. Broeder en suster, daarmee moet ons heeltyd mee rekening hou. Al die wonders wat die Here Jesus gedoen het, gaan hoegenaamd nie om 'n kragvertoning nie. Ons het wel baie duidelik met God se krag te doen, maar hierdie kragtige wonders styg net hoër en hoër op, ja Natanael hoor van engele wat sal uitstyg, maar Natanael hoor ook van die engele wat afkom. Die kragtige wonders kom weer na ons toe af, as tekens wat die Here ons in sy werke sy heerlijkheid laat aanskou.

Die Here se heerlijkheid begin met hierdie wonder op 'n klein plekkie Kana. 'n Klein plekkie so om en by 5 km van Jesus se dorp waar Hy grootgeword het, Nasaret. Kana was juis Natanael, die een wat die engele sal sien opklim en afkom, sê tuisdorp. (Joh. 21:2 praat van *Natanael van Kana.*) Kana sou die eerste dorpie moet wees waar daar 'n uiters belangrike saak in God se koninkryk raakgesien moet word. In 'n groot stad soos Pretoria moet ons dit ook raaksien. Die Here laat die Johannes-evangelie keer op keer hierin tot hoogtepunt saamtrek. Ja, elke keer 'n uitstyg. Engele gaan op as ons besef God in Jesus Christus het die nuwe gebring, om die oue net nog beter te maak. Die Nuwe Testament is 'n beter Testament as die oue, maar die Nuwe maak nou ook die Oue beter.

Van die begin van Johannes dan kom die nuwe langs die oue te staan en dan maak die nuwe die oue elke keer beter. Genesis 1, is die skeppingsverhaal. Joh.1. lees ons weer terug na die skepping, Joh. 1 sê ook *in die begin...* maar ons lees nou beter dinge, nuwer dinge, as wat ons in Gen. 1 kon lees. Ons lees dat by die skepping was die Woord reeds by God, die Woord was God, Hy Jesus Christus was in die skepping reeds die Middelaar gewees waardeur God geskep het. In Genesis lees ons dat God lig geskape het. Joh.1:9 gee nog weer die nuwe, die beter lig op Genesis- *9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. 10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.* Ja, so kan ons aangaan hoe Jesus alles vanuit die Ou Testament bring waar die Nuwe nou staan- Joh.1:17- wat ook gaan oor die Wet van die oue, die Wet van Moses – maar nou sê Johannes dit aangrypend- *17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.* Die genade, die waarheid wat deur Jesus kom gee die Wet nuwe betekenis, beter betekenis, sy ware betekenis.

En dit is presies wat nou met die eerste wonder ook gebeur. Die ou wyn skiet tekort, die ou wyn het opgeraak. Daar het nuwe wyn gekom. Dit word nou 'n tema deur die hele Johannes-evangelie, hoe belangrik die nuwe moes wees wat die oue nie kon wees nie. Nikodemus hoor in Joh. 3 dat sonder 'n nuwe geboorte, wat dan ook die wedergeboorte is, daarsonder gaan die mens verlore. In Joh. 4 staan die Samaritaanse vrou ook verleë met die oue. Die vrou is trots om by die oue put van Jakob water te kon skep, Jesus maak dit duidelik dat Hy is die lewende water waaruit sy nou kan begin skep, kyk verder, kyk dieper as hierdie oue put. Ja, wanneer God in die nuwe gedien word, dan gaan Hy in Gees en waarheid aanbid word, dan is dit nie meer net 'n bediening in Jerusalem of op die berg Gerizim nie.

Al hierdie dinge, eerste dinge, dinge uit die ou tyd, daaruit laat Jesus sy wonders kom, maar dan word die wonders teken van groter dinge, heerliker dinge, wat na gekyk moet word. Drie dae ná die Here se gesprek met Natanael is dit asof die engele wat die Here van gepraat het, afkom. Mense staan verleë. Hulle wyn het opgeraak, dit nogal op 'n troue wat vir 'n familie en almal daarvoor verantwoordelik 'n uiters groot verleentheid insluit. Daar mag eenvoudig nie te min wyn wees nie. Dit is 'n skande wat jou gaste jou baie oor sal verkwalik. Ja, van die kommentare stel dat mense dit so ernstig gesien het dat daar hofsake kan wees en mense gedagvaar kon word hoekom het jy nie vir genoeg wyn gesorg nie. Jesus se ma (ja verlede Sondag het ons haar ook met Jesus haar Kind hoor praat)- toe was Jesus 12 jaar- toe Hy by

die tempel agtergebly het, sê sy vir Hom- *Kind, waarom het jy so met ons gemaak?* Jesus het haar geantwoord met die hemelse- *Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie.* Vandag, seker seker amper 18 jaar later, antwoord Jesus haar weer met die hemelse- *Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie.*

Jesus se ma, hierdie vrou, Maria, sy was ook genooi na die bruilof. So ook Jesus en dit wil lyk of vyf van sy dissipels ook daar kon wees. Andreas, Simon Petrus, Filippus, Natanael en kan ons aanvaar ook Johannes, die skrywer van hierdie Evangelie. Nou tree Jesus se ma na vore. Sy word in die hele evangelie eintlik net twee keer genoem. Hier en daar waar Jesus gekruisig hang. Maria hoop om vir mense wat sy seker goed geken het, die familie van die bruidspaar en vir die bruidspaar self, in te tree. Die verleentheid van die wyn het opgeraak, het die familie haar moontlik gevra wat kan ons doen? Dit is waar Maria dan vir Jesus sê – *Hulle het geen wyn nie....* Daaruit kan ons aflei dat Josef haar man nou alreeds dood is, sy is weduwee, daar was seker al méér dinge waarin Jesus, haar oudste Kind, vir haar moes help. Sy kan Hom vir hulp vra.

Jesus se antwoord aan haar laat ons net wéér besef hier gebeur nou iets groot. Hier kom eintlik die teken van wat later al hoe groter betekenis gaan kry. Hy noem haar nie ma nie, maar *gunai*- nl. vrou... En ons weet, ook na verlede Sondag, Jesus sou nooit teen sy ouers oneervol optree nie. Lukas het ons geleses Hy het hulle in alles geëer. Hy was aan hulle onderdanig. Letterlik is Jesus se antwoord direk vertaal- Wat (beteken) dit vir jou en my- Die Engelse vertaal letterlik- *What to me and you...* Daaruit kan ons nou sekerlik afleidinge maak soos die Afrikaans alreeds 'n afgeleide vertaling ook is. Wat het ek gedoen om dit te verdien... of wat is my betrokkenheid nou hier? Ons vertaling sê- *Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie.*

Ons het gesê hierdie eerste gedagte wil wys op die eerste wonder wat as eerste teken baie wonders sou inlei, ons kan ook sê inlyf. Die teken wat Maria moet lees is dat hulle normale seun/ma verhouding kan op aarde nie in die pad van God se heerlijkheid kom staan nie. Christus moet die werk doen van sy Hemelse Vader. Hy is die Een wat reeds met die Heilige Gees gesalf is. Alles moet nou daaraan ondergeskik wees. Sy verhouding met God, waar Hyself Hom aan God gaan onderwerp, is eintlik die bepaler van die res van sy lewe. Jesus laat sy tyd op aarde nou vir God tel. My uur het nog nie gekom nie. Hy bedoel sy uur van verheerliking. Dit sluit in daardie ure wat sy dood, sy opstanding, sy hemelvaart gaan

plaasvind, dit is ure wat eers later gaan kom. Ja, hierdie wonder wat inlei baie groter wonders. Hierdie wonder sou egter word, ook die teken van die groot wonders wat gaan kom. Soos Ridderbos dit stel, God se tydtafel, is waarby Jesus sal lewe. Al Jesus se handeling sou daarop gerig wees om net aan God se werk getrou te wees, die uur soos deur God ingestel en Jesus sal Hom nie daar ander mense se tyd en wil rig nie.

Maria is egter nie van stryk nie. Dadelik sê sy- *Net wat Hy vir julle sê moet julle doen...* Sy word in die teken van God opgeneem. Die betekenis van haar gehoorsaamheid moet die gehoorsaamheid van almal insluit. Daar is iets van 'n vertroue in wat Hy gaan doen. Nou gaan die wonder plaasvind, maar geliefdes, ons tweede gedagte laat dit duidelik na vore kom-

Nie almal wat die wonder sien, kan dit verstaan nie:

Mense tree soms op, buite begrip van hoe belangrik, hoe groot hulle optrede werklik is, maar self weet hulle dit nie. Hulle is deel van die wonder, maar hulle eie plek in die wonder word deur hulleself nie raakgesien nie. Dit wat Jesus doen, doen Hy goed en oorvloediglik. Daardie reinigingskanne wat groot hoeveelhede water sou bevat, ons het geles ses klipkanne wat elkeen twee of drie ankers hou. Een anker is 20-30 gallon, waar 1 gallon meer as 4,5 ℓ bevat. Dit is meer as 112 ℓ wyn wat een klipkan sou volstaan. Ons kan aanvaar op die einde was daar baie meer as 900 ℓ wyn. Kanne met reiniging water word nou wyn. Daar waar reiniging deur die kanne voorgedra was, dit wat die Joodse Wet vereis het, ons moet gereinig word, ons sondes is so baie. Die kanne wat eintlik as teken van my ellende water moes dra, ek moet gereinig word, dieselfde kanne word nou draers van wyn. Die vreugde om daarvan genoeg te mag hê en dit smaak heerlik. Jesus gee die opdrag na die kanne vol was- *Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar. En hulle het dit gebring.*

Dit wat die Here doen, dit kon gesien word, dit kon geproe word, die hoofdienaar word dit alles aangebied, maar hy verstaan nie. Nie almal wat die wonder sien, kan dit verstaan nie. Presies wanneer die water in wyn verander het, weet ons nie. Toe dit was met die ingooi-slag, toe dit was met die uitskep-slag, dit staan nie geskryf nie, maar met die proeslag toe is die ontdekking dat hierdie is goeie wyn.

Geliefdes, die wonder van ons sien dit, maar deurgrond dit nie, vind dit nie hier ook plaas nie?! Die wyn, wat ons weet, in alles God se genade beteken. Baie weet hoe God ons genade betoon en hoe groot God se genade is. Die dienaars, die slawe hulle weet van wat God gedoen het, maar die hoofdienaar bly verslae. Die wyn wat Jesus later Homself ook 'n

wynstok noem, in wyn teken Jesus later sy eie bloed, maar laat hierdie wyn ons beseef dat alles hier, teken eintlik die Evangelie. Die goeie wat die slegte voorafgaan.

Alles in die paradys was goed en volmaak, daar het niks gekort nie, daar was 'n tuin, daar was baie riviere, daar was bome, vrugte, lewe, diere, suiwer en mooi, heerlik en volmaak. Jesus se eerste wonder maak juis die kerk se oë oop vir waar ons eintlike lewe moet wees. Ons kan aanvaar, in 'n tuin, vind hierdie onthaal en wonder plaas. Adam en Eva in 'n tuin. Jesus doen hierdie wonder in 'n tuin. Nou het ons dit nie gelees nie, maar vanaf vers 13 vind plaas wat ons eintlik aan onself herinner. Die sonde en sondeval, dit het die mens in alles oor homself gebring. Direk na die goeie wyn en hoe almal dit kon geniet, dit wat die volmaakte kon wees, maar Joh. 2 vanaf vers 13 het God uit die tuin die tempel besoek. Die kerk van daardie tyd. Wat vind die Here daar? Niks goed en mooi nie. Jesus moes die mense daar uitdrywe. Hy maak 'n sweep en moet slaan en hard praat. Mense maak geld uit die kerk. Dit wat die kerk nie mag wees nie. *Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie.*

In wat ons reeds gesien het, Jesus gaan van die tuin ná die kerk en waar is die probleem. Juis waar die mooie moet wees, by die kerk, daar is dit baie lelik. Daar moet God slaan en uitdrywe. In die tuin maak God wyn en mag mense vreugde ervaar. In die tempel sien hulle nie die ware tekens, die ware betekenis van Christus se koms raak nie. So min soos die hoofdienaar die werklike goeie wyn in sy oorsprong kon waardeer, net so min is die kerk baie keer die plek waar God in sy ware heerlijkheid gesien en gedien word.

Dit is tragies, maar gaan dit in ons tyd beter? Nee, broeder en suster, die grootste onreg, die langste haat, die diepste smart vind baie keer binne die kerk plaas. Mense wat vergeet ek is veronderstel om die tuin na die kerk te bring. Die mooie en heerlijkheid van God, die bruilof van Kana staan voor die tempel. God wat juis die tuin na die kerk gaan en die probleem wat God by die kerk vind, is dat die tuin is nie daar nie. Die wyn, die genade van God in Christus, word in die kerk misgekyk terwyl daar handel gedryf word en dit tot die mens se eie voordeel...*moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie....* Daar waar die mens die kerk 'n tuin moet maak, 'n tuin van God se liefde en genade, die wyn wat die tuin sy vreugde inkleur, maar die mens maak die kerk nie 'n tuin nie, maar 'n handelshuis.

Wie dit raaksien, sal die wonder van Jesus verstaan dat Hy vanaf die bruilof die tempel besoek, juis nie andersom nie. Die evangelie gee die Wet sy betekenis, juis nie andersom nie! Laat ons dit nie andersom probeer doen nie. Nie om die tekens as wonders voorop te stel nie, maar stel die wonders van God voorop, sy heerlike wonders, dan sal dit as tekens van God ook u en my lewe volmaak. Daarom is ons laaste gedagte vandag die vraag:

Watter uitwerking het hierdie wonders en tekens op jou en my?

Jesus se wonders is ook tekens. Broeder en suster, dit wil Johannes onderstreep. Dit is 'n wonder wat plaasvind, maar lees ons van hierdié wonder dan staan in vers 11- *Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galilea gedoen...en Hy het sy heerlikheid geopenbaar en sy dissipels het in Hom geglo.* Dit moet op ons 'n uitwerking het. Ons moet glo. Tekens wat uitstyg. Ja, die engele wat opklim en afklim van daardie leer. Die tekens styg bokant hulle eie betekenis uit. Dit maak die hemele oop. Ons kry iets van 'n insig in hemelse sake. Die heerlike hemelse plafon kry iets van 'n loergaatjie en dit vir die mens. God het sy heerlikheid geopenbaar, dit is tog hemelse heerlikheid, maar die mens mag glo.. *en sy dissipels het in Hom geglo.* God se tekens staan hemelsbreed. Daar waar God die maan en sterre geskape, daar is die geskape dinge ook tekens. Die lig van God. Die groot watervloed, word die reënboog nou 'n teken. Die verbond oorspan die aarde. Die plae in Egipte is werklike plae, maar dit word tekens dat God sy volk wil bevry. Die Farao weier om die tekens te lees. So sou ons kan aangaan en aangaan. Wanneer Jesus in Joh. 4 die koninklike beampte se kind genees, weer 'n wonder, maar dan sê Jesus vir hom iets so belangrik. *As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie...*

Die verband tussen teken en glo moet nie misgekyk word nie. Die teken beteken u en ek moet glo, daar moet geloof wees. Elke wonder in die Johannes-evangelie, sewe van hulle in die volmaakte getal- wyn by Kana, Joh. 4 -die koninklike beampte se kind genees, Joh. 5 - genesing van die siek man by Betesda, Joh. 6 -die vermeerdering van die brode en ook Jesus wat op die see loop. Joh. 9- die genesing van die blindgebore man, Joh. 11, Lasarus word uit die dood opgewek, elke een van hierdie 7 wonders is die openbaring van God se heerlikheid. Ons teksverse sê – *Hy het sy heerlikheid geopenbaar.* Joh.1:14 sê dit is heerlikheid vol van genade en waarheid. Sewe wonders in die een Evangelie, dat u en ek vanaf die tuin by die kerk moet kom en maak die kerk 'n tuin, moet dit nie opmors nie. Dan dien u God in sy heerlikheid, in sy tuin.

AMEN